

## **A Openbaring en inspirasie. 1 Petrus 1:10-11.**

- ❖ Openbaring is die kennis wat die Heilige Gees verleen oor dinge wat ons deur onself nie kan verstaan nie.
- ❖ Inspirasie is hoe die Heilige Gees die waarheid deur die mens vertel.

## **B Die Heilige Gees en die oorsprong van die Woord:**

### **❖ Openbaarder. (1 Korinthiërs 2:10.**

- Hoe kan ons God se wil ken as die Heilige Gees dit nie aan ons deur Sy Woord openbaar nie?
- Die waarhede in die Bybel is 'n regstreekse openbaring van God. Hulle is nie van menslike idees of interpretasies nie maar God s'n.

### **❖ Inspirasie. 2 Petrus 1:21.**

- God het die Bybel skrywers gelei om Sy gedagtes in 'n betroubare en geloofwaardige manier met hul eie geïnspireerde woorde te verduidelik.
- Die skryfproses was verskillend vir elke persoon en elke tydstip.
  - (a) Soms het hulle presiese woorde ontvang voorafgegaan deur "So sê die Here," (Jesaja 37:6).
  - (b) Soms het hulle visioene of drome gehad wat hulle met hul eie woorde beskryf het (Esegiël 1: 4).
  - (c) Soms het hulle ondersoek en nagevors om die feite en die leringe behoorlik te verduidelik (Lukas 1: 6).

### **❖ Betroubaar. Psalm 119:160.**

- Sommige mense twyfel of die Bybel waar is omrede hulle nie die konteks verstaan nie, of hulle aanvaar nie die wonderbaarlike feite daarin nie.
- God kan nie lieg nie (Hebreërs 6:18). Daarom, alles wat Hy deur Sy Woord gesê het is die WAARHEID.
- Ons kan die Bybel nie oordeel nie; ons gedagtes moet daardeur beoordeel word.

## **C Die Heilige Gees en die Woord vandag.**

### **❖ Ons onderwyser. Johannes 16:13.**

- Ons kan nie die waarhede in die Bybel deur ons eie redenasie verstaan nie, want geestelike waarhede moet geestelik verstaan word (1 Kor. 2:13). Dis hoekom die Heilige Gees ons help om:
  - (a) Die leerstellige waarhede in die Bybel te verstaan.
  - (b) Die waarheid oor ons te verstaan.
- Wanneer ons besluit om te reageer op die leiding van die Heilige Gees en nederig die Goddelike opdrag in die Bybel aanvaar, word ons lewens deur God se genade verander, en ons gedagtes word teen die misleiding van die duiwel beskerm.

### **❖ Geen Teenstrydigheid. Johannes 5:46-47.**

- Kan die Heilige Gees ons na 'n waarheid oor Jesus (of enige ander leer) lei wat die Bybelse boodskap weerspreek (Johannes 16:13-14)?
- Die Heilige Gees kan nie die Woord van God weerspreek nie. As iemand sê dat hy deur die Heilige Gees gedryf word, maar hy leer leringe wat die Bybel weerspreek, dan praat hy nie die waarheid nie.